

'n Skrifmatige perspektief op die geskiedenis van die Westerse intellektuele denke: Die ontstaan en kontoere van en vrae oor die konsekwent probleem-historiese metode

A Scripturally-orientated perspective on the history of Western intellectual thought: the origin and contours of and questions about the consistent problem-historical method


BJ VAN DER WALT

Skool vir Filosofie

Potchefstroomkampus

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Epos: benniejvanderwalt@gmail.com



Bennie van der Walt

BENNIE VAN DER WALT studeer aan die (destydse) Potchefstroomse Universiteit vir CHO en die Vrije Universiteit van Amsterdam en behaal die grade ThB en DPhil (Filosofie). Vanaf 1970 tot 1974 was hy senior lektor in Filosofie aan die Universiteit van Fort Hare, vanaf 1975 tot 1999 direkteur van die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme, later herdoopt tot die Instituut vir Reformatoriese Studie, en (vanaf 1980) ook professor in Filosofie. Sedert sy emeritaat (1999) is hy navorsingsgenoot – tans by die Skool vir Filosofie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Deesdae skryf hy heelwat artikels vir geakkrediteerde tydskrifte in Afrikaans en publiseer ook monografieë in Engels. Van sy geskrifte is ook vertaal in onder andere Hongaars, Nederlands, Koreaans, Spaans, Portugees, Xhosa en Tswana. Hy het twee eregrade van instellings in Korea en Hongarye asook die Stalsprys (vir Filosofie) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

BENNIE VAN DER WALT studied at the Potchefstroom University for Christian Higher Education and at the Free University of Amsterdam and obtained the degrees of ThB (Theology) and DPhil (Philosophy). From 1970 to 1974 he was senior lecturer in Philosophy at the University of Fort Hare; from 1975 to 1999 he was director of the Institute for Reformational Studies and also (from 1980) professor of Philosophy at the Potchefstroom University for Christian Higher Education. After his retirement (1999) he was appointed as research fellow of the School of Philosophy at the North-West University (Potchefstroom Campus). He has written many books and articles in refereed journals. Some of his writings were translated into the English, Dutch, Hungarian, Korean, Spanish, Portuguese, Xhosa and Tswana languages. He received two honorary degrees from institutions in Korea and Hungary and also the Stals Prize (for Philosophy) from the South African Academy for Science and Arts.

ABSTRACT***A Scripturally-orientated perspective on the history of Western intellectual thought: the origin and contours of and questions about the consistent problem-historical method***

Following a previous article in this journal on various methods available to portray the history of scholarly thinking, especially philosophy (cf. Van der Walt 2013), this essay focuses on the consistent problem-historical method of the late professor Dirk H.Th. Vollenhoven (1892–1978) of the Free University in Amsterdam, the Netherlands. In three main sections the method's origin, contours and the reactions it evoked are discussed.

The first main part reveals that Vollenhoven derived his method from two German philosophers of the Marburg School of Neo-Kantian philosophy, viz. N. Hartmann (1882–1950) and R. Höningwald (1875–1947), who developed a “Problemgeschichtliche” historiography of philosophy, focussing on philosophical problems as they developed during the 2500 years of Western thinking. Hartmann and Höningwald, because of their late rationalist, neo-Aufklärung orientation, still believed in an objective, neutral approach in scholarship. They, therefore, rejected the upcoming irrationalist tendencies with relativist implications. Since Vollenhoven was a committed Christian, embracing the ideal of an integral, Scripturally-directed philosophy, he modified the problem-historical approach of Marburg, rejecting both its rational dogmatism and the opposing irrational relativism. The implications of his unique stance was, inter alia, that he did not view (as was the case with his contemporary German fellow-philosophers) the history of philosophy as a process of gradual progress, but instead from his Christian-religious orientation distinguished between pre-Christian (pagan) Greek philosophy, synthetic, Patristic and Medieval Christian philosophy and subsequent anti-synthetic, secular philosophy.

In the second main section five criteria (formulated at the end of the previous article in this journal) are applied to test the validity of Vollenhoven's methodology.

Firstly, he developed his analysis of the history of Western intellectual thought consistently from his own, integral Christian-religious perspective. This was possible because, according to him, religion of whatever kind is not restricted to an earlier period in history, one's private life, church or theology. Religion is not something a person “has”, but what he/she “is”, it is characteristic of being human – life in its entirety is religion. This stance enabled Vollenhoven to use the Scriptures (not in a biblicistic way, but as orientation) to enquire firstly, about a philosopher's idea of God, secondly, his/her view about normativity or law and, thirdly, about the thinker's perspective on ontic, anthropological and epistemological issues.

Secondly, Vollenhoven also worked in a consistent historical way, starting his investigations with ancient Greek philosophy, the cradle of Western thinking. His integral Christian approach enabled him to determine in the “passion of the Western mind” its relationship towards God's threefold revelation. Accordingly, he divided the entire history, as already stated, into three main epochs: (1) pre-Christian, pagan Greek, Hellenistic and Roman philosophy (unaware of God's Word), (2) synthetic philosophy amongst the Church Fathers and Medieval philosophers (combining pagan and Christian thought patterns) and (3) subsequently both anti-synthetic, secular thought (from the Renaissance) and anti-synthetic Christian thinking (starting with the 16th century Reformation). Vollenhoven's division into these four main periods thus included his implicit critique of the “progress” of Western philosophy.

Vollenhoven's method also passed the test of a third criterion, viz. in being consistently philosophical in nature. He synchronically distinguished about sixty-six different consecutive normative currents, responsible for the dynamic, ever-changing nature of theoretical thought.

Fourthly, his method is also consistently problem-directed. He discovered and distinguished a vast number of ontological types (viewpoints about the structure of cosmic reality), starting

from a few fundamental ones, moving to detailed anthropological and epistemological differences amongst philosophers, thus providing a diachronic view of history. Also in this regard his presentation of the history of philosophy and other disciplines included his implicit critique on various philosophical problems and their solutions.

The outcome of the last (fifth) test applied is also positive: Vollenhoven himself as well as his followers applied the method successfully with valuable results – not merely in philosophy, but also in the history of, for example, aesthetics, psychology, dogmatics, mathematics, etcetera.

In the third main part of this exploration seven points of critique levelled against the method are considered. (In each case a possible response is included.) They are the following: (1) Vollenhoven himself did not provide an always clear and final exposition of his method. (2) The method is considered as too specialised and complicated to be used, especially in teaching the history of philosophy to students. (3) It is biased by its one-sided Christian perspective. (4) It is (too) selective in nature, ignoring the personal and cultural backgrounds of Western intellectuals; (5) It has a tendency towards schematism. (6) The wide-ranging terminology it employs is too complicated. (7) Philosophical concepts are allocated dominant roles, while individual philosophies, philosophers and other scholars disappear in the background.

By way of a few metaphors the final conclusion highlights the enduring value of Vollenhoven's method. The author has already applied it himself in articles in this and other journals and considers it as a viable method amongst the present confusion in the historiography of philosophy and other subjects. Since *humilitas* was regarded by Augustine as the main requirement for genuine philosophising – including a *philosophia Christiana* – Vollenhoven's unique method similarly should, however, not be regarded as the last and final word about the very difficult issue of how to portray the history of something unfamiliar and strange, called “philosophy”.

KEY CONCEPTS: Currents: philosophical; God: idea of; Hartmann, N. (1882–1850); historiography; Höningwald, R. (1875–1947); law: idea of; philosophy: a Scripturally-directed; philosophy: history of; philosophy: Western; method: consistent problem-historical; religion; schematic maps; secularisation; terminology: philosophical; types: philosophical; Vollenhoven, D.H.Th. (1892–1978)

TREFWOORDE: Filosofie: Skrifmatige, Westerse; God: idee van; Geskiedenis van die filosofie; Hartmann, N. (1882–1950); historiografie: filosofiese; Höningwald, R. (1875–1947); metode: konsekvent probleem-historiese; religie; strominge: filosofiese; sekularisasie; skematiese kaarte; terminologie: filosofiese; tipes: filosofiese; Vollenhoven, D.H.Th. (1892–1978); wet: idee van

OPSOMMING

In opvolging van 'n vorige artikel in hierdie tydskrif (vgl. Van der Walt 2013), waarin verskillende vroeëre en hedendaagse metodes van intellektuele en veral wysgerige historiografie bestudeer is, word in hierdie artikel gefokus op die ontstaan en kontoere van die konsekvent probleem-historiese metode van wyle prof. Dirk H.Th. Vollenhoven (1892–1978) van die Vrije Universiteit in Amsterdam, Nederland asook die reaksies daarop. Wat, eerstens, die ontstaan van sy metode betref, blyk dat Vollenhoven dit oorgeneem het van twee Duitse laat-rasionalistiese filosowe van die Marburgse neo-Kantiaanse skool, naamlik N. Hartmann en R. Höningwald se “Problemgeschichtliche”-benadering. Hy het laasgenoemde egter volgens sy eie Christelike oortuigings aangepas, sodat sy weergawe van die 2500-jarige Westerse denkgeskiedenis ook anders daar

uitgesien het. Tweedens, is die kontoere van dié metode aan die hand van vyf kriteria nagegaan. Dit bied 'n konsekwente toepassing van Vollenhoven se eie religieuse en filosofiese oriëntasie in die drie hoofvrae wat hy aan elke denker stel; dit is konsekwent histories in die indeling van die geskiedenis in drie hooftyperke; konsekwent filosofies in die onderskeiding van talle opeenvolgende sinkroniese normatiewe strominge; konsekwent probleemgerig in die tipering van basiese diakroniese ontiese, antropologiese en kenteoretiese probleme; reeds suksesvol toegepas en aangepas waar nodig. In 'n derde hoofafdeling word aangetoon dat al Vollenhoven se tydgenote en opvolgers egter nie met so 'n positiewe evaluering van die metode saamgestem het nie, omdat dit onder andere te gespesialiseerd en selektief, met die gebruikmaking van onnodige en ingewikkelde terminologie sou wees en omdat dit die klem tot so 'n mate op filosofiese konseptuele probleme laat val het dat die persoonlikhede self (wat daaraan geboorte gegee het) asook die hele Westerse kultuurgeskiedenis op die agtergrond verdwyn.

1. INLEIDING: VRAAGSTUK EN OPSET

In 'n vorige artikel in hierdie tydskrif is 'n verkenning onderneem van verskillende vroeëre en hedendaagse metodes van wysgerige historiografie (vgl. Van der Walt 2013). Daarin is op verskeie leemtes van hierdie metodologieë gewys, veral dat hulle nie konsekwent toegepas word nie. Hierdie artikel wil nagaan in hoe 'n mate D.H.Th. Vollenhoven (1892–1978) se konsekwent probleem-historiese metode wel voldoen aan die kriteria aan die einde van die vorige artikel geformuleer. Om dit te bepaal, word agtereenvolgens aan die volgende aandag gegee: (1) hoe sy metode ontstaan het; (2) die hooftrekke daarvan; (3) die reaksies van ander op sy metode en (4) 'n slotperspektief.

2. DIE ONTSTAAN VAN DIE KONSEKWENT PROBLEEM-HISTORIESE METODE

Ongelukkig het Vollenhoven self nie sy metode breedvoerig beskryf nie. Al waaroor ons vandag beskik, is te vinde in Vollenhoven (2005a:89-136) en nog meer beknop in Vollenhoven (2011:20-46). Voordat nagegaan word wat ander oor die ontstaan en karakter van sy historiografiese metode te sê het, word vlugtig enkele punte uit laasgenoemde bron van Vollenhoven self hier aangestip.

2.1 Vollenhoven self oor sy metode

In 'n onlangse gesprek het dr. K.A. Bril (een van die beste kenners van Vollenhoven en sy denke) my meegedeel dat Vollenhoven in die praktyk naasteby soos volg te werk gegaan het. Eers het hy die destydse omvattende standaardwerk van Ziegenfuss (1949/1950) van 1700 bladsye deurgewerk om hom van die belangrikste Westerse denkers te vergewis. Daarna het hy hom tot die toenmalige hoofwerk oor die geskiedenis van die filosofie, naamlik dié van Ueberweg (1928) gewend, wat in nog meer besonderhede die filosowe behandel het. Dan het hy sy assistente opdrag gegee om al die beskikbare werke van 'n bepaalde denker uit die biblioteke van die Gemeentelike en Vrije Universiteite van Amsterdam (of per interbiblioteeklening) vir hom uit te neem, sodat hy hulle oorspronklike geskrifte kon bestudeer en hulle konsepsies kon bepaal.

In Vollenhoven (2011:20-46) bied Vollenhoven self die volgende flitse oor sy metode:

- Hy distansieer hom van die volgende wysgerige historiografe: W. Dilthey (1833–1911), wat die geskiedenis van die filosofie volgens net drie basiese lewensvisies ingedeel het. Ook van G. Heymans (1857–1930), wat probeer het om op grond van die persoonlike lewensgeskiedenis van denkers 'n geskiedenis van die wysbegeerte te konstrueer. Hy

kon ook nie saamstem met W. Windelband (1845–1915) nie, omdat hierdie denker nie krities genoeg sou wees oor sy eie standpunt nie en vanuit die filosofiese stroming waartoe hyself behoort het 'n historiografie probeer opstel het. Vollenhoven (2011:21) het ernstige kritiek daarop gehad dat iemand by die gangbare filosofie van sy eie tyd begin en eietydse probleme in die verlede inlees – soos byvoorbeeld om Plato as 'n eksistensialis te bestempel! Hy was daarvan oortuig dat die omgekeerde eerder waar is: 'n mens kan jou eie tyd nie goed verstaan sonder die verlede waarin dit gewortel is nie. In die verlede lê die hede opgesluit en die hede bevat in kiem ook reeds wat die toekoms gaan bied.

- Verder was Vollenhoven daarvan oortuig dat 'n mens se eie sistematiese filosofiese oortuigings nie van jou bestudering van die geskiedenis van die filosofie geskei kan word nie. Jou Christelike of rasionalistiese benadering word onherroeplik in jou weergawe van die geskiedenis gereflekteer.
- Hy beklemtoon verder – en dit erken hy ook van sy eie metode – dat 'n wysgerige historiografie nie eenvoudig vooraf *bedink* kan word nie. Dit word eerder geleidelik *gevind* na aanleiding van wat die geskiedenis self bied. (Vandaar die voortdurende wysigings in sy eie metode.)
- Vir 'n goeie benadering van die geskiedenis is dit verder volgens Vollenhoven nodig om tussen die ontiese, antropologiese en kenteoretiese *tipes* en die normatiewe *strominge* (wat die rigting van die bepaalde denker aandui) te onderskei. In laasgenoemde gaan dit daaroor hoe iemand die plek van die skeppingsordeninge sien en waarin hy/sy dit fundeer.
- Hy erken dat bepaalde filosowe dikwels nie genoeg gegewens in hulle geskifte bied om op al die vrae wat hy aan hulle sou wou stel duidelike antwoorde te vind nie.
- Hy noem sy eie metode (in onderskeiding van ander probleem-historiese metodes) die *konsekwent* probleem-historiese, aangesien dit nie net op een vraagstelling fokus nie, maar met 'n integrale benadering 'n verskeidenheid probleme of konsepsies wil navors. ('n Mens sou dit die patrone/kontoere van die Westerse denke kon noem.)
- Vir alle duidelikheid moet nog genoem word dat Vollenhoven die twee betekenis van die begrip “geskiedenis” duidelik onderskei. In die eerste plek dui dit op die werklike gebeure of denkpatriene soos dit destyds voorgekom het. In die tweede plek slaan dit op die bepaalde historiese wetenskap wat so goed moontlik probeer beskryf wat in die verlede gebeur het of hoe daar gedink is.

Na hierdie paar flitse, met die sluier effens gelig op Vollenhoven se metode, kan vervolgens nagegaan word wat van sy geesgenote oor die ontstaan daarvan te sê het.

2.2 'n Neo-Kantiaanse historiografie as vertrekpunt

Wolters (1970:2 e.v. en 1979:231) het aangetoon dat die idee van “Problem-geschichte” sy oorsprong het binne die Neo-Kantiaanse, rasionalistiese filosofie, wat 'n dominante filosofiese stroming gedurende Vollenhoven se formatiewe jare was. Vollenhoven (2005a:155) self deel die rasionalistiese filosofie, wat die Westerse denke van ongeveer 1600 tot aan die begin van die 20ste-eeu beheers het, in ses verskillende substrominge in. Met die Neo-Kantiaanse wysbegeerte bereik die rasionalistiese filosofie, wat in die outonomie van die menslike rede (*ratio*) geglo het, sy klimaks, maar ook sy einde.

Wolters (op. cit.) sonder veral twee denkers van die Marburgse Skool van Neo-Kantianisme uit, naamlik R. Höningwald (1875–1947) en N. Hartmann (1882–1950). Na eersgenoemde denker se werk *Philosophie des Altertums* (1917) verwys Vollenhoven byvoorbeeld reeds in 1918 en ook daarna met goedkeuring, en hy het dit ook gereeld vir sy studente voorgeskryf. Höningwald en

Hartmann (lg. in verskillende publikasies) beklemtoon beide die sistematiese insig in die probleme wat in die geskiedenis van die Westerse filosofie na vore gekom het. (Objektiwiteit, so het hulle geglo, word gewaarborg deur die probleme self.) Sodanige insig verseker die kontinuïteit en vooruitgang in die geskiedenis. Die historiograaf is op dié wyse geen blote kronoloog of feite-versamelaar nie.

2.3 Irrasionalistiese reaksies daarop

Reeds teen die einde van die negentiende eeu, maar veral gedurende die twintigste eeu, ontstaan daar ’n reaksie binne die Westerse denke teen die eensydige verabsoluttering van die teoretiese denke deur die rasionalisme. Verskillende irrasionalistiese strominge verwerp nie rasonale denke nie (dan sou hulle ophou filosofer!), maar beskou die praktyk as belangriker. Die Pragmatisme lê byvoorbeeld klem op bruikbaarheid of nuttigheid, die Lewensfilosofie op vitale mag en die Eksistensialisme op menslike vryheid (vgl. Vollenhoven, 2005a:83-88).

Binne hierdie opkomende irrasionalisme, wat groot klem op historiese uniekheid geplaas het en dus eerder diskontinuïteit beklemtoon het, is Höningwald en Hartmann se benaderings egter bevraagteken. Irrasionalistiese denkers, soos W. Dilthey (1833–1911) en sy volgelinge, het hierdie twee voorstanders van die probleem-historiese benadering dus daarvan beskuldig dat hulle teenoor die historiese situasies van die individuele denkers en hulle kulturele agtergrond die filosofiese probleme oorbeklemtoon. Omgekeerd was die rasionalistiese voorstanders van die probleem-historiese metode van mening dat ’n irrasionalistiese metodologie tot vae relativisme sou lei.

2.4 Vollenhoven se eie standpunt

Omdat vir Vollenhoven as Christelike denker sodanige relativisme ook onaanvaarbaar was, voel hy homself aanvanklik meer aangetrokke tot die Neo-Kantiaanse historiografiese metodologie. Dit beteken egter nie dat hy dit heelhuids aanvaar het nie. Een rede is ’n radikale verskil in religieuse oriëntasie (vgl. Wolters 1970:55,56). Hartmann was ’n uitgesproke ateïs en as rasionalis ’n voorstander van ’n “neutrale” benadering tot die wetenskap (vgl. Vollenhoven 2005c:167). Vollenhoven, daarenteen, ’n oortuigde Christen, wou ’n Christelike of Skrifmatige *filosofie* uitbou en nie bloot as *Christen* filosofie beoefen nie.

Die twee verskillende religieuse vertrekpunte het ook hulle onderskeie historiografiese metodes beïnvloed. Hartmann het byvoorbeeld die geskiedenis van die filosofie as ’n proses van geleidelike vooruitgang beskou. Vollenhoven huiwer nie om die antieke Griekse filosofie pagaan (heidens) te noem nie, Christelike sintese-denkers te kritiseer, of om valse probleme by sekulêre denkers aan te toon nie. Hy verwerp byvoorbeeld menslike outonomie (d.w.s. dat die mens self die norme vir sy denke en dade bepaal) en daarom ook die verskillende wetsidees (soos objektivisme, realisme en subjektivisme) wat die geskiedenis opgelewer het. So ook bevraagteken hy monisme sowel as dualisme as verklarings vir die oorspronklike toestand van die werklikheid, asook die verskillende oplossings vir die probleem van die verhouding tussen die universele en individuele (vgl. Wolters 1970:48).

Na hierdie kort historiese agtergrond kan Vollenhoven se eie metode kortliks uiteengesit word. Soos in die vorige artikel verskillende gangbare metodes na aanleiding van hulle konsekwentheid getoets is (vgl. weer Van der Walt 2013), word hierdie kriterium nou ook op Vollenhoven se metode toegepas: Is dit ’n duidelike konsekwensie van sy eie standpunt, is dit konsekwent filosofies, histories en probleemgerig, terwyl dit van gepaste en eenduidige terminologie gebruik maak en ten slotte kan dit, behalwe in die filosofie, ook met sukses op verskillende ander vakgebiede gebruik word.

3. DIE HOOFKONTOERE VAN DIE KONSEKWENT PROBLEEM-HISTORIESE METODE

Weens beperkte ruimte kan alleen die hoofkontoere van Vollenhoven se metode hier weergegee word, terwyl verder na die belangrikste werke daarvoor verwys word.¹ In Vollenhoven (2013a) word hy tereg getipeer as “a person who combined direct clarity with deep insight, an analytical mind that mastered many distinctions”.

3.1 Konsekwent vanuit eie visie

Vollenhoven het reeds met sy promosie (in 1918) getoon dat ’n eie, maar tentatiewe filosofiese visie nodig is om die geskiedenis van die filosofie te bestudeer. Hy het tot ongeveer 1940 aan sy eie sistematiese filosofie bly skaaf om hom daarna (tot 1975) uitsluitlik tot sy studie van die geskiedenis van die filosofie te beperk.²

3.1.1 ’n Teties-kritiese metode

Hy noem sy metode ’n teties-kritiese metode.³ Die “teties” dui op sy (voorlopige) eie sistematiese standpunt. Die “kritiese” het betrekking op sy benadering tot die geskiedenis van die filosofie. Daarin moet sekere standpunte bevraagteken word, maar daaruit kan ook veel geleer word en die voorlopige eie visie verbreed, verryk en verander word. Tussen die twee fasette van die metode moet voortdurende wisselwerking plaasvind.

Aangesien Vollenhoven se teties-kritiese benadering van baie groot belang is, terwyl hyself nie veel daarvoor geskryf het nie, stel ek graag een van sy leerlinge, Kok (1998:8-19) daarvoor aan die woord.

- Hy konstateer ten eerste (1988:9) dat dit ’n algemene tendens by vele Christendekers is om bloot *negatief* teenoor nie-Christelike wetenskaplikes te staan – sonder om te besef dat hulle op die ou end tog *positief* sal moet stel waarin hulle (die Christene) self glo.
- Ten tweede noem hy dat so ’n houding dikwels daartoe lei dat Christene hulle eie posisie dan bloot definieer in terme van dit waarteen hulle reageer of wat hulle bestry. (Byvoorbeeld wanneer Christene as teïste ’n tussenposisie probeer inneem tussen die deïsme en panteïsme.)
- Vollenhoven stel ’n heeltemal ander metode voor wat nie net teen dwaling en onkunde fulmineer nie, of waarin ’n denker sy/haar eie posisie formuleer in terme van dit wat hy/sy verwerp nie:

Christians should approach the philosophical problems and questions they are confronted with from their own positively stated viewpoint... to work out a basic conception in line with Scripture, that affirms and articulates as clearly and succinctly as possible one’s perspective on the matter in question... We should proceed boldly, articulating, clarifying, and honoring the coherence of the comprehensive framework of basic beliefs that Christians hold dear. (Kok 1998:12,13)

¹ Vir oningewydes of persone wat op gemaklike wyse meer daarvoor wil weet, word Bril (1986:109 e.v.), Bril (2005), Kok (1996:1-164) en Runner (1982) aanbeveel. Diegene wat in Vollenhoven se lewensgeskiedenis en ander werksaamhede sou belangstel, word na Stellingwerff (1992 en 2001), Woldring (2013:91-98) asook na Vollenhoven (2013a) verwys.

² Oor beide sy eie sistematiese filosofie as sy probleem-historiese metode bevat Vollenhoven (1992) asook Tol (in Vollenhoven 2005b:iii-xxxii) belangrike tekste en redaksionele verduidelikings.

³ Vgl. Vollenhoven (2005b:6-8) en vir meer detail Tol (2010:19-41).

- Hierdie tetiese kant van die metode moet egter altyd met 'n kritiese gepaardgaan. Volgens Kok (1998:13) beteken dit
 ...to investigate seriously and, when necessary, meticulously, that is to get to know, question, analyze, size up, and re-evaluate with an eye to determining both the merits and faults... There is no knowledge without preconceptions and prejudices. Our task is not to remove such presuppositions, but to listen to, test, and evaluate them critically in the course of our enquiries.
- Met betrekking tot hierdie kritiese benadering maak Kok (1998:17) nog die volgende belangrike opmerking:
 Criticism is certainly not equivalent to “negation”, to “hypercritically” just finding faults or pointing out shortcomings. To be sure, criticism can lead to a negative result: “I disagree with this, that and the next thing, for these reasons...”. But even such a negative result has great value: tenaciously maintaining thoughts, words and deeds that constantly or implicitly clash with the main lines of one’s framework of beliefs undermines its power and prevents one from asking good questions and acquiring results that speak more profoundly to the challenge of our age.
- 'n Teties-kritiese metode bevat dus 'n dubbele voordeel (Kok 1998:19): “... a reinforced own *position*, articulated in deed and word, and a more definite and accountable *rejection* of that which is inconsistent with it”.
- Ten slotte beklemtoon Kok (1998:19) dat by Vollenhoven die tetiese en kritiese wel van mekaar onderskei, maar nie geskei mag word nie:
 Zeal in one without the other spells big trouble. Their relationship is as follows: on the one hand every critical activity implies that one takes a thetical stance; and, in turn, a Christian thetical stance that leaves no room for listening to, thinking about, and communicating with others will result in uncritical parochial dogmatism... When the relationship between being thetical and being critical is forgotten, Christians loose a real sense of what being different [as a Christian thinker] means practically... they lack a sense of direction...

3.1.2 Die hele lewe is religieus van aard

Wat Vollenhoven se eie metode betref, moet verder onthou word dat dit 'n diep religieuse bodem het. Anders as die meeste dualistiese denkers (wat die religieuse naas die sekulêre slegs as 'n gedeelte van die menslike bestaan beskou), huldig hy 'n integrale visie op religie. Vander Stelt (2013:10) omskryf dit soos volg:

For humans to be “religious” is not optional, but essential. It is something a person “is”, not “has”. Being characteristic of being human, it is not restricted to an earlier period, or phase in human history, or to something private in one’s behaviour. Like the rudder of a ship in water, although it is invisible, “religion” indicates the ultimate direction in which humans live and move. It is as deep and broad as everyday life... It is not confined to what Christians and non-Christians do in their private and public prayers, meditations, confessions, instructions and spiritual retreats, worship events or all sorts of theological reflections... Life is religion.

Hoewel die hele lewe religieus bepaald is, kan die tweërlei *rigting* daarvan radikaal verskil soos Vollenhoven (vervolgens) aantoon.

3.1.3 Drie basiese vrae en die antwoorde daarop

Die drie mees basiese vrae wat elke filosoof volgens Vollenhoven behoort te stel, is: (1) In watter *God/gode* glo ek? (2) Wat kan ek van die *kosmos* weet? (3) Volgens watter *maatstawwe, norme* behoort ek te dink en te lewe? Vanuit sy eie Christelike oortuiging soek Vollenhoven dus antwoorde op hierdie belangrike vrae in God se openbaring in die Skrif: (1) Wie is die Skepper van alles? (2) Wat is dit wat in verhouding tot Hom geskape is? (3) Waar lê die lyn van onderskeid tussen die twee? (vgl. Vollenhoven 2005b:14).

Let terloops daarop dat Vollenhoven 'n Bybels-georiënteerde of Skrifmatige filosofie voorstaan en nie 'n biblisistiese filosofie nie. Biblisisme wil, soos uit 'n teksboek, alleen uit die één vorm van God se openbaring die antwoorde op alle lewensbelangrike vrae affei. Dit hou nie rekening met sy skeppings- en vleesgeworde openbaring in Christus nie. Daarom lees 'n Biblisis gewoonlik eers sy/haar eie idees in die Bybel in (*eisegese* genoem), om dit daarna – met Bybelse sanksie – weer daaruit te lees (*eksegese* genoem).

Die antwoorde wat Vollenhoven op sy drie vrae aan die Skrif vind, is: (1) Die lewende, soewereine God; (2) die skepping (of kosmos), wat volkome afhanklik is van God; (3) die “grens”, wat God en skepping van mekaar onderskei en terselfdertyd die “brug” is wat hulle verbind, is God se wil, soos uitgedruk in sy wette vir die skepping, waaraan alle skepsele onderworpe is.⁴

Vollenhoven sluit God dus nie (soos die meeste sekulêre filosowe) uit sy werklikheidsvisie of ontologie uit nie. (Hy waarsku wel teen teologiese spekulاسies oor God, d.w.s. om minder of meer oor Hom te sê as wat hyself in sy Woord openbaar.) Let ook daarop dat Vollenhoven van mening is dat elke mens as 'n inherent religieuse wese, wanneer sy/hy die bestaan van die God van die Bybel ontken, nie anders kan nie as om iets as absoluut, dit wil sê goddelik te beskou en daarop te vertrou (bv. die menslike rede in die Rasionalistiese denke). In so 'n geval word eger iets van die skepping self verabsoluteer en ontstaan fiktiewe afgode.

Ek beskou Vollenhoven se eenvoudige trits van God-wet-kosmos as 'n meesterlike greep vir die hoofkontoere van 'n Skrifgehoorsame (hy gebruik die woord “Skrifmatige”) filosofie. (Met sy duidelike onderskeid tussen hierdie drie werklikhede het hy byvoorbeeld radikaal gebreek met 'n tweeduisendjarige tradisie wat sowel die heidense gode as die God van die Bybel onder (verskillende grade) van een hiërgiesse synsbegrip wou verstaan.) Dit is, soos vervolgens sal blyk, ook die perspektief waarvolgens hy die Westerse filosofiese denke in kaart probeer bring.

3.2 Konsekwent-histories

Vollenhoven beklemtoon dit steeds dat die wysgerige historiograaf streng histories te werk moet gaan. Dit beteken onder andere dat die kronologie nie verontagsaam mag word nie. Dit impliseer (soos reeds hierbo gestel) dat die ondersoeker by die wortels van die Westerse denke, naamlik by die antieke Griekse filosofieë, moet begin en eers dan die ontwikkelinge daarna tot op die hede duidelik kan verstaan.

Aangesien volgens Vollenhoven wysgerige denke ten diepste deur religieuse oortuigings bepaal word, stel hy aan elke denker die vraag wat sy/haar verhouding tot God se openbaring was/is. Hy vind die volgende drie antwoorde daarop:⁵

- (1) Die antieke Griekse, Hellenistiese en Romeinse denkers (± 2500 v.C. – ±50 n.C.) sou op hierdie vraag antwoord dat hulle die Bybel (en dus ook God se skeppings en

⁴ Vir uitgebreider verduidelikings, vgl. Vollenhoven (2011) asook Tol (2010) en Bril (1986).

⁵ Vgl. bv. Vollenhoven (2005a:95; 2011:65 e.v.).

geïnkarnearde openbaring) nie geken het nie. (2) Die Christelike Kerkvaders en Middeleeuërs (± 50 – 1550) het wel die Woord geken, maar dit sinteties met die voorafgaande heidense filosofieë probeer verbind. (3) Vanaf ongeveer 1550 na Christus breek die meeste filosowe (maar ongelukkig nie die meeste gereformeerde teologieë nie) egter met hierdie sintesedenke en wel om twee verskillende redes:

- (a) Die Renaissance-denkers en hulle sekulêre navolgers tot op die huidige dag verwerp die akkommoderende sintesedenke van die voorafgaande Middeleeue, omdat hulle die gesag van God se Woord verwerp. Let daarop dat hierdie religieuse sekularisasie nie verwar moet word met die hedendaagse beperking van geloof (en moraliteit) tot iemand se persoonlike lewe teenoor 'n neutrale openbare samelewing en kultuur nie. Religieuse sekularisasie beteken 'n radikale en omvattende verwerping van die God van die Skrifte, sy drievoudige openbaring en sy lewensbevorderlike ordeninge – ook in die teoretiese denke. Sodanige sekularisasie kan egter ook tot 'n skeiding tussen die persoonlike/kerklike en publieke lewe lei. (Sekularisasie in die sin van die vrywording van die res van die samelewing uit kerklike oorheersing kan wel 'n vrug van religieuse sekularisasie wees, maar dit moet as 'n positiewe ontwikkeling aan die einde van die Middeleeue beskou word.)
- (b) Die denkers van die sestiende-eeuse Reformasie breek om die presies teenoorgestelde rede met die Patristiese en Middeleeuse sintesedenke: Hulle het nie van Christelike sintesedenke gehou nie as gevolg van die pagane filosofiese reste waarmee dit vermeng geraak het. Hulle het ook die idee van 'n outonome mens, wedergebore uit eie krag van die Renaissance verwerp. Hulle bedoeling (wat ongelukkig nie altyd gerealiseer is nie) was om weer in gehoorsaamheid aan God se openbaring alleen te dink en te lewe. 'n Belangrike rede waarom hierdie ideaal nie destyds ten volle gerealiseer is nie, was omdat die reformatore al hulle aandag op 'n nuwe, Bybelse teologie en nie ook 'n nuwe, reformatoriese filosofie toegespits het nie.

Vollenhoven kom dus na vore met 'n nuwe indelingsbeginsel van voorsintese, sintese en antisintese. Hy bied daarvoor ook 'n meer oortuigende motivering as die gangbare populêre indeling in Antieke, Middeleeuse en Moderne filosofie.

Soos ook nog uit die ander fasette van sy historiografiese metode sal blyk, bied sy metode dus nie slegs 'n *weergawe* van wat in die Westerse denke gebeur het nie, maar ook 'n Christelik-geïnspireerde *kritiek* daarop. Implisiet verwerp hy onbybelse voorchristelike denke, Christelike sintesedenke en sekulêre antisintesedenke.

3.3 Konsekwent filosofies

Vollenhoven erken saam met ander denkers (vgl. hierbo) dat daar 'n sterk dinamiese of sinkroniese element in die geskiedenis van die filosofie is, naamlik verskillende denkstrominge.⁶ Hierdie denkstrominge (Vollenhoven onderskei ongeveer 66 verskillendes) ontstaan as gevolg van die onderlinge stryd oor verskillende visies op die ordelikheid in die skepping en die daarop begroonde norme vir die beoefening van die filosofie en ander wetenskappe. Hulle bied verskillende antwoorde op hoe gedink en geleef behoort te word, oor wat die *rigting* of *koers* van 'n mens se teorie en praktyk behoort te wees. Volgens Vollenhoven se eie onderskeid tussen God, wet en skepping behels hulle 'n respons op die wet(matigheid) wat God vir sy skepping gestel het. (Wet en

⁶ Vgl. Vollenhoven (2000:31-34 en 2005a:153-156) asook Vollenhoven (2005c), wat die denkstrominge afsonderlik beskrywe.

wetmatigheid behoort nie vereenselwig of as wissel terme gebruik te word nie. Slegs dit wat aan die wet onderworpe is, kan die maat-van-die-wet besit en derhalwe “wet-maat-ig” funksioneer.)

Ruimte laat dit nie toe om verder op hierdie faset in te gaan nie. Slegs drie belangrike opmerkings word gemaak. Eerstens is die rede waarom die een stroming die ander opvolg (die rede vir die dinamiek in die geskiedenis), omdat norme (as menslik-feilbare formulerings van God se skeppingsorde) tydsgebonde is, oudmodies raak en dus met nuwe rigtingwysers vervang moet word.

In die tweede plek bevat Vollenhoven se indeling in filosofiese strominge ook sy implisiete kritiek daarop. Hy toon aan hoe die Griekse denke reeds vroeg al in ’n subjektivistiese wetsidee verval het. Dit beteken volgens Vollenhoven dat hulle nie meer duidelik tussen die wette of orde en die kosmiese dinge (wat aan die wette onderworpe is) onderskei het nie. (Vgl. die opmerking oor wetmatigheid hierbo.) Dinge of sake (dit wat *is*) word verhef tot *norme* (dit wat *behoort*). Hierdie subjektivistiese tendens loop in verskillende variasies deur tot op vandag se postmodernisme.

In die derde plek (daarop vestig Griffioen 2013 die aandag) het Vollenhoven, in vergelyking met sy gedetailleerde uiteensetting van die verskillende tipes ontologieë, antropologieë en kenteorieë, ongelukkig sy belangrike bydrae deur verskillende tydstrominge te onderskei nie breed genoeg ontwikkel nie.

3.4 Konsekwent probleemgerig

Vollenhoven onderskei vervolgens ook ’n diakroniese lyn in die geskiedenis. Volgens sy onderskeid God-wet-kosmos moet daar ook ’n antwoord gegee word op die probleem van hoe ’n filosoof die kosmiese werklikheid beskou, hoe dit struktureel daar uitsien. Vollenhoven praat in hierdie verband van ’n groot verskeidenheid tipes filosofie of ontiese, antropologiese en epistemologiese kategorieë.⁷

Weereens moet met slegs drie opmerkings volstaan word. In die eerste plek is ’n bepaalde tipe nie (soos in die geval van ’n stroming) tot ’n sekere tyd beperk nie. Sekere tipes kan (wel tot ’n mate getransformeer as gevolg van ’n nuwe stroming) dwarsdeur die geskiedenis voorkom en dui dikwels aan hoe ’n latere denker deur ’n tydgenoot of ’n vroeëre beïnvloed is. In die tweede plek bevat Vollenhoven se tipologie weereens ook sy kritiek. Hy verwerp byvoorbeeld die monisme, wat glo dat alles uit ’n oorspronklike eenheid sou ontstaan het, maar eweneens die dualisme, wat met ’n ontologiese tweedeling (bv. ’n transendente en aardse) begin. In die derde plek hanteer Vollenhoven in die tipering van die verskillende probleemstellings en hulle oplossings streng, eenduidige terminologie.

3.5 Eksperimenteel beproef, voortgesette belangstelling en bekendstelling

Die proef op die som vir enige metode lê in die konkrete toets daarvan. In hierdie opsig het Vollenhoven eerder *per excessum* as *per defectum* gesondig – tot groot frustrasie van sy lesers. Hy moes sy eie metode (en terminologie) na aanleiding van wat sy ondersoek van die geskiedenis opgelewer het ten minste vyf keer op talle belangrike punte verander.⁸ Selfs teen 1975, toe hy as gevolg van ouderdom nie verder kon werk nie, kon hy nog steeds nie sy analise van die Westerse denke voltooi nie (vgl. Vollenhoven 1979 en 1982).

⁷ Ruimte om hulle almal hier te bespreek, bestaan nie en die leser word na die verskillende publikasies van Vollenhoven (1992:215 e.v.; 2000:260 e.v.; 2005a:29 e.v. en 2005c) verwys.

⁸ Vgl. Wolters (1970) en (1979) wat ’n oorsig daarvan bied asook Zuidema (1963:140) en Hart (1964:9) wat dit benadruk.

Dit wat hierdie filosofiese speurder wel op skrif gestel het, bly nogtans van onskatbare waarde. Talle navolgers het dan ook sy metode – al is dit in vereenvoudigde vorme – met vrag in beide navorsing en onderrig gebruik. Enkele voorbeelde van verhandelinge en proefskrifte volgens hierdie metode aangepak, is Hart (1966), Taljaard (1955), Runner (1951), Van der Laan (1968), Vander Stelt (1978), Van Veuren (1970) en Venter (1981). Toepassings daarvan op verskillende vakgebiede is byvoorbeeld in kunsgeskiedenis (Seerveld 1993), teologie (Spykman 1992), antropologie (De Graaff & Olthuis 1978), antieke filosofie (Sweetman 2007), psigologie (Van Belle 2013), wiskunde (Venter 2011) en menslike geslagtelikheid (Van der Walt 2014).

Dit is daarom verblydend dat, onder leiding van die internasionale “Vollenhoven Stichting” moeite gedoen word om ook hierdie lid van die driemanskap (Dooyeweerd, Vollenhoven en Stoker) by die geboorte van ’n integraal-Christelike filosofie se geestelike nalatenskap verder te ontgin en ook in die *lingua franca* van vandag bekend te stel.⁹ Die Vollenhoven Argief (gehuisves in die Historisch Documentatiecentrum voor het Nederlandse Protestantisme (1800-heden) aan die Vrije Universiteit van Amsterdam) bied nog talle moontlikhede vir verdere navorsing. (Prof. E.J. de Boer werk byvoorbeeld tans aan die korrespondensie tussen Vollenhoven en die bekende Suid-Afrikaanse filosoof, H.G. Stoker (1899–1993).)

3.6 ’n Skematiese voorstelling

Vollenhoven (2000) se skematiese kaarte gee in essensie en in een oogopslag die resultate van sy metode weer. Dit bestaan uit horisontale en vertikale lyne wat (as vierkantige blokkies) mekaar kruis. Aan die regterkant van die horisontale lyne (1) is die geskiedenis sinkronies in die bogenoemde drie *hoof tydperke* (voorsintese, sintese en antisintese) ingedeel. Die linkerkant van die horisontale lyne (2) gee die verskillende filosofiese *strominge* weer. In die blokkies wat deur die vertikale lyn (in hul kruisings met die horisontale) getrek word, word (3) die verskillende *tipes* filosofieë van talle denkers ingevul. Dit bied hulle antwoorde op basiese ontiese probleme, soos byvoorbeeld hoe die kosmos se ontstaan verklaar word, of dit oorspronklik ’n eenheid of tweehed was, wat die verhouding tussen die universele en individuele is, asook op ’n hele reeks antropologiese en kenteoretiese kwessies.¹⁰ Vollenhoven se eie drieslag van (1) God, (2) wet en (3) kosmos word dus duidelik in sy wysgerige historiografie weerspieël.

Die aandag moet daarop gevestig word dat Vollenhoven se *Schematiese Kaarten* nie net die konsepsies bied van diegene wat as suiwer filosofe bekend staan nie, maar ook van talle belangrike vakwetenskaplikes, soos byvoorbeeld fisici (Einstein), bioloë (Darwin), ekonome (Smith) en teoloë (Barth).

4. REAKSIES OP VOLLENHOVEN SE METODE

Ten spyte daarvan dat Vollenhoven se metode in die voorafgaande gedeelte volgens verskillende maatstawwe beoordeel die toets kon slaag, het dit nie die kritiek van tydgenote en latere denkers vrygespring nie. In sommige gevalle word juis dit wat so pas in verband met die metode bevestig is deur hulle bevraagteken. Dit is egter belangrik om die moontlike leemtes wat geïdentifiseer is hier te noem en, waar nodig, daarop te reageer.

⁹ Behalwe die werke in Engels alreeds vermeld, kan nog die volgende bygevoeg word: Vollenhoven (2013b), deur dr. A. Tol versorg, ’n “Vollenhoven Reader” wat deur prof. John Kok van die VSA gereed gemaak word, asook die vertaling van Vollenhoven (2011) waarmee prof. Ponti (J.J.) Venter van Suid-Afrika tans besig is.

¹⁰ Vgl. Van der Walt (2010:174) vir ’n vereenvoudigde diagrammatiese weergawe.

Sekere besware berus op veral een belangrike misverstand. Dit kom daarop neer dat meer of ander resultate van Vollenhoven se metode verwag is as wat hyself daarmee wou bereik. Hy het self erken dat sy metode nie alle fasette van die Westerse intellektuele geskiedenis wil of kan dek nie. Geen enkele metode is immers daartoe in staat nie. Om eenvoudig 'n mens se metodes te vermeerder, bied ook nie 'n oplossing nie. Dan raak wysgerige historiografie feitlik onhanteerbaar gekompliseerd en gevolglik byna ontoeganklik vir die leser daarvan.

Die minder belangrike opmerkings oor die konsekwent probleem-historiese metode (hierna slegs “metode” genoem) word nou eers kortliks behandel, voordat aan meer wesentlike besware aandag gegee word.

4.1 Die metode self is nie vooraf duidelik genoeg uiteengesit nie en is ook dikwels verander

Dit is waar dat 'n mens in baie gevalle die metode vanuit Vollenhoven se resultate daarmee moet rekonstrueer. Die rede daarvoor is egter duidelik. Soos reeds genoem, het sy metode in voortdurende wisselwerking met sy bestudering van die geskiedenis vorm aangeneem. Dit is ook die rede waarom Vollenhoven 'n paar keer sy metode moes wysig – om beter reg te laat geskied aan dit wat sy navorsing opgelewer het. Vir die lesers van sy resultate was dit egter nie baie bemoedigend nie!

4.2 Te gespesialiseerd en tydrowend

Vollenhoven behoort tot die ou garde aan die begin van die vorige eeu, onder andere geïnspireer deur die grondige Duitse “Kleinforschung”. Die fyn onderskeidings en verbande wat sy metode maak, is egter nie maklik verteerbaar vir iemand van ons een-en-twintigste kitseeu, wat met behulp van 'n slapbandboekie of rekenaarsoektog vinnig op hoogte wil kom met die Westerse denkgeskiedenis nie. Om veral eerstejaarstudente in filosofie nie 'n permanente hekel aan die vak te gee nie, is dit dus gewens om 'n vereenvoudigde weergawe (d.w.s. met minder detail) van die metode te gebruik of om dit eers op nagraadse vlak aan te bied.

4.3 Te Christelik-georiënteerd

Historiografe wat nog steeds van oortuiging is dat 'n neutrale, suiwer rasionele benadering moontlik is, sal die Christelike agtergrond van die metode as beswaar kan opper. Irrasionalistiese postmoderniste sou dit heel waarskynlik doen omdat dit vanuit 'n “onderdrukkende, groot verhaal” te werk gaan. Ek is egter van mening dat, nieteenstaande Vollenhoven se religieuse oriëntasie, die resultate wat hy bereik het van breër belang is.

Belangriker besware teen die metode is die volgende vier:

4.4 Te selektief en blykbaar losstaande van die Westerse kultuurontwikkeling

De Vogel (1952:23) was van mening dat Vollenhoven te selektief te werk gaan, omdat hy nie genoeg aandag aan die “groot” wysgere gegee het nie. Volgens haar plaas hy reuse van groot belang naas dwergies van nouliks enige historiese betekenis. Tussen hulle moet, volgens haar, onderskeid gemaak word anders mag eersgenoemdes se kultuur-historiese invloed onderskat word.

Die grondliggende probleem hier is die selektiewe karakter van enige metode en die kriteria waarvolgens bepaal word watter filosowe en ander denkers belangrik was en watter nie. Soos reeds gesê, het elke metode sy beperkinge – geen metode kan alles weergee nie. Solank 'n mens egter van die beperkinge van jou metode bewus is – en Vollenhoven was dit beslis – hoef dit nie jou metode te diskwalifiseer nie. Vollenhoven se metode is primêr 'n *probleem*- en nie in die eerste plek 'n *kultuur*-historiese metode nie. Hierdie is dus 'n geval waar méér van sy metode verwag

word as wat hyself daarmee beoog het. (Die hiermee samehangende kritiek dat die metode te eng wysgerig sou wees, gaan dus ook nie op nie. Vollenhoven het nie die gebruik van hulpmetodes – soos byvoorbeeld biografiese werke oor die denkers – verwerp nie. Sy fokus was egter suiwer wysgerig.)

Ook Hart (1965:13) erken enersyds dat iemand wat net Vollenhoven se *Schematische Kaarten* tot sy beskikking het, nog weinig insig sal verkry in die kultuurgeskiedenis van die Weste. Andersyds vestig hy egter die aandag daarop dat die verskillende wysgerige konsepsies wat die metode belig die breëre kultuurgeskiedenis kan verdiep, aangesien filosofiese voorveronderstellings 'n grondliggende rol in enige kultuur speel. Filosofie verwoord eintlik wat die wesentlike, fundamentele gedagtes is wat in 'n bepaalde kultuur leef en ten diepste die koers daarvan bepaal.

Venter (2013) sluit hierby aan deur die aandag op twee belangrike punte te vestig wat verband hou met Vollenhoven se visie op filosofiese tipes en strominge.

Eerstens is dit waar dat Vollenhoven se metode in die eerste plek op die ontologiese, antropologiese en kenteoretiese lewensbeskoulike grondslae van wetenskaplikes se denke gevestig was (d.w.s. die *tipes*). Dit het te make gehad met die rol wat die Vrije Universiteit destyds wou vervul, naamlik om tot reformasie van die wetenskap binne die akademiese wêreld te werk. Aangesien wetenskap egter nie 'n blote natuurprodukt is nie, was Vollenhoven se aanpak reeds in hierdie opsig kultureel van aard.

In die tweede plek merk Venter tereg op dat, indien 'n mens noukeurig let op die verskillende *strominge* wat Vollenhoven onderskei het, die kulturele verskuiwings in die Westerse denke duidelik sigbaar word. Hoewel Vollenhoven destyds al 'n veel breër visie op menslike kulturele arbeid gehad het as die gangbare eng beskouing, naamlik dat dit byvoorbeeld slegs die taal, kunste en argitektuur sou insluit, kan die vraag gestel word of Vollenhoven in sy veldafbakening nie tog tot 'n mate deur die eng visie verlei is nie. Maar dit kan ook wees dat sy poging om spesifiek die intellektuele onderbou van die Westerse kultuur te verhelder, hom gedwing het om sy metode te beperk. (Vgl. in hierdie verband ook die vroeëre opmerking van Griffioen 2013.)

4.5 Te skematies

Een van die belangrikste kritiekpunte op die metode was dat dit aan skematisme skuldig is. De Vogel (1951:225) stel dat Vollenhoven se werkswyse op die volgende sou neerkom: "... te beginnen met de opstellen van een systeem van categorieën en vervolgens de nog te interpreteren stof onder deze categorieën te rubriceren". Die verbande tussen die verskillende denkers, deur Vollenhoven blootgelê, is volgens haar ook geforseerd (vgl. De Vogel 1952:22,23 en ook in 1950).

Selfs 'n kollega en geesgenoot van Vollenhoven skryf destyds:

De bestudering van de geschiedenis der wijsbegeerte heeft by Vollenhoven iets van detective-werk gekregen, in elk geval het tegendeel van routinewerk en van copiëring van handboeken, ook al sal wel eens een denker en zijn conceptie ten onrechte gearresteerd zijn en gevangene gezet in het arrestatiehokje, dat Vollenhoven voor hem had klaargemaakt, als kruising van een bepaald type met een bepaald stroming. (Zuidema 1963:145)

Hierdie soort kritiek was veral gemik teen Vollenhoven se *Schematische Kaarten* wat in 1962 verskyn het (herdruk in Vollenhoven 2000). Daarin tipeer Vollenhoven 'n hele paar honderd denkers diakronies volgens ontologiese tipes en sinkronies volgens tydstrominge. Die *Schematische Kaarten* mag egter nie met Vollenhoven se metode in sy geheel geïdentifiseer word nie. Die bedoeling daarvan was – soos die titel van die werk ook duidelik stel – om slegs oorsigtelik, in een oogopslag die meer basiese gegewens oor 'n bepaalde denker te bied asook sy/haar verband met ander.

Hoewel Stoker (1951:41-42) ook wys op Vollenhoven se “ingewikkelde skematisme” en dat “die volheid van wysgerige denke meer is as ’n skema en moeilik in ’n skema saamgevat kan word”, gee hy ook toe: “probleme, as logiese onderskeidings gestel, laat hulle wel in so ’n skema indeel”.

Oor die “hokkie- en etiketevrees” sê Hart (1965:11) dat dit sins insiens ’n vreemde beskuldiging is, omdat geen wysgerige historiograaf daaraan kan ontkom nie. Natuurlik moet teen ’n keurslyf gewaak word. Maar, voeg hy by:

... daarbij word zelden overwogen dat er op het moment zo tussen 5- en 6-duizend hoktjes beschikbaar zijn, terwijl de meeste handboeken maar 3 à 4 etiketten ter beschikking hebben. Het heeft mij altijd verbaasd dat de moderne filosofen altijd of rationalist of empirist moesten zijn. Toch heeft niemand bezwaar tegen een dergelijk keurslijf maar wel tegen een vermeerdering van mogelijke denkstructuren. Dit laatste moet echter beslist als een voordeel van de methode [van Vollenhoven] gezien worden.

4.6 ’n Te ingewikkelde terminologie

Hierdie kritiekpunt (wat met die vorige saamhang) word ook deur De Vogel (1951:229) geopper. Popma (1952:123) antwoord haar effens geïrriteerd hierop dat enige wetenskap vakterme nodig het – selfs al klink hulle vir buitelanders na ’n spreek in vreemde tale: “Wanneer een criticus zich raillerend over de termen [van Vollenhoven] uitlaat, toont hij dat het hem aan wetenschappelijke ernst en beschaving ontbreekt.”

Ook Zuidema (1963) tree tot die stryd toe om Vollenhoven se uitgebreide terminologie te regverdig. Hy wys daarop dat Vollenhoven ontsteld kon raak wanneer hy opgemerk het hoeveel verwarring en skade in die bestudering van die geskiedenis van die filosofie aangerig is deur agtelooos en onduidelik met wysgerige terme (soos bv. realisme, materialisme, universalisme, monisme, subjek en objek en honderde meer) om te gaan. Juis om hierdie grootskaalse spraakverwarring te voorkom, was Vollenhoven so gesteld op helder, eenduidige terminologie. Aan elke nuwe probleem en die oplossing daarvoor het hy ’n eie term verbind wat vir geen ander gebruik is nie.

In ligter luim skryf Seerveld (1960:6-7):

Vollenhoven is a cautious thinker. He takes a word the way a Jew in Dickens’ novels takes a coin, suspiciously. Feels it, taps it, bites it, and then accepts it dubiously. He is quite a cleancut thinker, Vollenhoven is exact... He likes to cut the brain apart and is a master at it. He takes the fun out of studying philosophy. It is no longer an amateur ballgame in the cow pastures, but something professional.

4.7 Individuele denkers dreig om agter hulle filosofiese konsepsies te vervaag

Zuidema (1963:146) skryf dat

...bij deze methode de oorspronkelijke denker van een bepaalde conceptie zo zeer op de achtergrond geraakt, dat zijn naam alleen nog maar als indicium voor zijn conceptie wordt gehanteerd, en – wanneer deze methode consequenter wordt doorgevoerd – vervangen zou kunnen worden door een wiskundig teken.

Is die geskiedenis van die wysbegeerte dan nie allereers die geskiedenis van mense nie? Dan is dit tog onbillik om geen aandag te skenk aan die mens wat die filosofie voortgebring het nie. Lewer die metode nie ’n vlees- en bloedlose geraamte op nie?

Weereens moet hierop geantwoord word dat op dié wyse meer van die metode verwag word as wat dit bedoel om te bereik. In Vollenhoven se metode staan nie die *persoonlikhede* van die verskillende denkers sentraal nie, maar hulle *standpunte* ten opsigte van ontiese en antropologiese probleme. Indien biografiese gegewens beskikbaar en betroubaar is (in sekere gevalle is dit nie), kan dit waardevol wees. Egter net *in soverre* dit lig werp op die betrokke filosofie of die filosofiese ontwikkelingsgang van ’n denker.

Wolters se kritiek gaan egter verder as net die persoon van ’n filosoof. Hy skryf die metode van Vollenhoven handel

... with the history of philosophy exclusively in its strictly logical and analytic aspect... and that, as method, it seems to be practically indistinguishable from that of the systematic logician and epistemologist... it is difficult to suppress the question: what then is the specifically *historical* of the “probleem-*historische*” method, if the extra-logical factors in the history of philosophy, such as social, economic and political conditions are deliberately excluded? (Wolters 1970:33)

Later (Wolters 1970:54) herhaal hy sy vraag kernagtig soos volg as hy sê dat die resultaat van die metode “... is that the abstracted, special world of logical problems and answers tends to become identified with the history of philosophy in its full concreteness”.

Hierdie kritiek sluit aan by die beswaar reeds onder 4.4 hierbo bespreek, naamlik dat die metode uiters selektief is. Dit vestig egter pertinent ook die aandag op die konseptuele, abstrakte karakter van die metode.

In antwoord daarop kan egter gevra word of filosofie *qua* filosofie (soos enige ander wetenskap ook) nie inherent van ’n teoreties-abstrakte aard is nie. Verder kan geargumenteer word dat iets konseptueel, logies of analities nie noodwendig onhistories is nie. Hierbo (4.4) is reeds na Hart (1965:13) en Venter (2013) verwys, wat redeneer dat, omdat filosofiese uitgangspunte so ’n fundamentele rol in die wetenskap speel, dit nie los staan van die histories-kulturele konteks nie, maar eerder ’n verdiepte visie daarop bied.

Soos in die geval van talle ander groot denkers bestaan daar ook oor Vollenhoven en sy metode talle verhale. Ons sluit op ’n ligter trant met net twee daarvan af. Van wyle dr. Henk Hansma word vertel dat hy Vollenhoven se *Schematische Kaarten* (van 1962) verbrand het bloot omdat hy nie met Vollenhoven se tipering van ’n bepaalde denker saamgestem het nie. Van ’n ander Nederlander word meegedeel dat hy eers van mening was dat Vollenhoven óf ’n gek óf ’n genie moes wees. Na ’n deeglike studie van Vollenhoven se metode het hy egter besluit dat laasgenoemde etiket hom beter sou pas – Vollenhoven het vir die persoon ’n reus onder Christelike denkers geword!

Hoewel ook die huidige lesers heel waarskynlik nog meer vrae in verband met Vollenhoven se metode sou wou opper, moet met hierdie kritiekpunte volstaan word.¹¹

5. TERUGBLIK

Vir die leser sal dit na die voorafgaande geen geheim wees dat ek – ten spyte van bogenoemde sewe punte van kritiek – nie net simpatiek teenoor Vollenhoven se metode is nie, maar dit self ook in vorige artikels in hierdie tydskrif (vgl. bv. Van der Walt 2009a, 2009b, 2011 en 2012) asook in ander tydskrifte en boeke gebruik het.

¹¹ Vir verdere, oorwegend simpatieke reaksies op die metode, kan verwys word na Hart (1964); Seerveld (1960), (1973), (1975); Taljaard (1952) en Van der Laan (1967), (1977).

Laat my dus toe om ten slotte in enkele metafore – iets gewilds in hedendaagse filosofiese kringe – my aangetrokkenheid tot hierdie metode te verduidelik. Vooraf egter eers die volgende herinnering: Die Afrikaanse woord “filosofie” (van die Latyn *philosophia*) beteken letterlik ’n liefde of begeerte na wysheid. Die woord “wysbegeerte” gee die oorspronklike betekenis dus duideliker weer. Dit herinner ’n mens daaraan dat filosofie – sy geskiedenis en die beskrywing daarvan ingesluit – nooit méér as ’n begeerte kan wees en bly nie. Dit geld ook vir ’n Christelike benadering tot hierdie vak en vir die opdiep van die wysgerige grondslae onderliggend aan elke ander vakgebied. Augustinus het dit al besef toe hy geskryf het dat die eerste, tweede en derde vereiste vir ’n *philosophia christiana humilitas* nederigheid (of beskeidenheid) is.

Hier volg nou my metafore ter aanbeveling van hierdie metode:

- Soos met ’n wyehoeklens bied die metode ’n breë visie op die Westerse wetenskaplike denkgeskiedenis: Kosmoskopies ondersoek dit hoe bepaalde tipes denksisteme die ontiese strukture van die kosmos beskou het; nomologies lê dit die talle strydende normatiewe denkstrominge bloot.
- As wysgerige teleskoop gaan dit nie ter wille van hedendaagse relevansie of gewildheid uit van ’n heersende filosofie nie, maar kyk dit ver terug in die geskiedenis tot by die bakermat van die Westerse denke.
- Terwyl dit breed en ver kyk, verwaarloos dit – as filosofiese mikroskoop beskou – egter nie die fynere detail van verskillende konsepsies, die verbande tussen denkers as gevolg van hulle invloed op mekaar en ook nie die ontwikkelingsgang by sommige denkers nie.
- Soos ’n padkaart vroeër en ’n GPS vandag ’n mens oriënteer, sodat jy nie verdwaal nie, só help hierdie metode ook die filosofiestudent en beroepsfilosoof om nie in ’n 2500 jaar lange en ingewikkelde geskiedenis totaal koers te verloor nie.
- Die metode is verder – soos ’n x-straal apparaat – deurdringend. Dit ontbloot die verborge “skelet” van ’n filosofie wat die uiterlike “lyf” daarvan staande hou.
- Ten slotte sou ’n mens die beeld van ’n periskoop daarop kon toepas, omdat dit nie bloot op die feilbare, menslik-redelike insigte staatmaak nie, maar ten diepste aan God se onfeilbare drieërlei openbaring georiënteerd is. Dit is in staat – ook al bly dit hoe gebrekkig – om periskopies bokant die stormagtige, koerslose, sekulêre en sintetiese Christelike teorieë uit te kyk. Daarom mag ’n mens dit ook ’n profundoskoop noem: dit is heel eenvoudig maar terselfdertyd baie diepsinnig.

BIBLIOGRAFIE

- Bril, K.A. 1986. *Westerse denkstrukturen; een probleemhistorisch onderzoek*. Amsterdam: V.U. Uitgeverij.
- Bril, K.A. 2005. *Vollenhoven's problem-historical method; introduction and explorations*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
- De Graaff, A.H. & Olthuis, J.H. 1978. *Criteria for comparing and evaluating models of man*. Toronto: Institute for Christian Studies. (Mimeograph.)
- De Vogel, C.J. 1950. De continuïteit van het West-Europese denken. *Algemeen Nederlands Tijdschrift voor Wijsbegeerte en Psychologie*, 42:177-190.
- De Vogel, C.J. 1952. Discussie rondom Vollenhoven. *Algemeen Nederlands Tijdschrift voor Wijsbegeerte en Psychologie*, 45:22-30.
- De Vogel, C.J. 1951. Vollenhoven's werk over de Griekse Wijsbegeerte vóór Plato. *Algemeen Nederlands Tijdschrift voor Wijsbegeerte en Psychologie*, 44:223-240.
- Griffioen, S. 2013. Mens en geschiedenis met bijzondere betrekking op het werk van Vollenhoven. Lesing gelewer op 24/08/2013 by die Skool vir Filosofie, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit.
- Hart, H. 1964. Historiale problemen; stellingen ter bevordering van de belangstelling voor de konsekvent probleem-historiese methode. *Correspondentiebladen van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte*, 28:7-10, Des.

- Hart, H. 1965. De probleem-historische metode van prof.dr. D.H.Th. Vollenhoven. *Correspondentiebladen van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte*, 29:3-15, Nov.
- Hart, H. 1966. *Communal certainty and authorized truth*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Höningswald, R. 1917. *Philosophie des Altertums; problemgeschichtliche und systematische Untersuchungen*. München: Kaiser.
- Kok, J.H. 1996. *Patterns of the Western mind; a Reformed Christian perspective*. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies. (Tweede, hersiene druk in 1998 deur Dordt College Press, Sioux Center, Iowa.)
- Popma, K.J. 1952. Historiale metode en historiese kontinuïteit. *Philosophia Reformata*, 17:97-145.
- Runner, H.E. 1951. *The development of Aristotle, illustrated from the earliest books of the Physics*. Kampen: Kok.
- Runner, H.E. 1982. *The relation of the Bible to learning*. Toronto: Wedge Publishing Foundation.
- Seerveld, C. 1960. Philosophical historiography. *Journal of the American Scientific Affiliation*, 12(3):87-95.
- Seerveld, C.G. 1973. Biblical wisdom underneath Vollenhoven's categories for philosophical historiography. *Philosophia Reformata*, 38:127-143.
- Seerveld, C.G. 1975. The pedagogical strength of Christian methodology. *Koers*, 40(4-6): 269-313.
- Seerveld, C.G. 1993. Vollenhoven's legacy for art historiography. *Philosophia Reformata*, 58:49-79.
- Spykman, G.J. 1992. *Reformational theology*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Stellingwerff, J. 1992. *D.H.Th. Vollenhoven (1892–1978); reformator der wijsbegeerte*. Baarn: Ten Have.
- Stellingwerff, J. 2001. Vollenhoven, Dirk Hendrik Theodoor. In Houtman, C., Van Sluis, J. et al. *Biografisch Lexikon voor de Geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme*. Deel 5. Kampen: Kok, pp. 524-545.
- Stoker, H.G. 1951. Boekbespreking van D.H.Th. Vollenhoven: Geschiedenis der Wijsbegeerte I. *Koers*, 19:39-42.
- Sweetman, R. (ed.). 2007. *In the Phrygian mode; neo-Calvinism, Antiquity and the lamentations of Reformational philosophy*. Lanham: Univ. Press of America.
- Taljaard, J.A.L. 1952. De bestudering van de geskiedenis van de Wysbegeerte in U Lig. *Koers*, 20:132-139.
- Taljaard, J.A.L. 1955. *Franz Brentano as wysgeer*. Franeker: Wever.
- Tol, A. 2005. Foreword. In Vollenhoven, D.H.Th. *Isagôgê Philosophiae; introduction to philosophy*. Kok, J.H. & Tol, A. (eds). Sioux Center, Iowa: Dordt College Press, pp. iii-xxxii.
- Tol, A. 2010. *Philosophy in the making; D.H.Th. Vollenhoven and the emergence of Reformed philosophy*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
- Ueberweg, F. 1928 (12e Aufgabe). *Grundriss der Geschichte der Philosophie*. (4 bande). Berlin: E.S. Mittler & Sohn.
- Van Belle, H.A. 2013. *A history of psychology* (electronically available from the author at harryvanbelle@hotmail.com).
- Van der Laan, H. 1967. De consequent probleem-historiese metode in confrontasie met die historiografie van die moderne wijsbegeerte. *Correspondentiebladen van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte*, 30:15-23.
- Van der Laan, H. 1968. *De wijsgerig grondslag van Bonaventura's teologie*. Amsterdam: Vrije Universiteit (proefskrif).
- Van der Laan, H. 1977. The historiography of Philosophy. *Vox Reformata*, no. 29:1-31, Nov.
- Van der Walt, B.J. 2009a. Johannes Calvyn (1509–1564) se visie op die werklikheid; 'n Christelik-filosofiese waardering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(3):365-396, Sept.
- Van der Walt, B.J. 2009b. Johannes Calvyn (1509–1564) se mensbeskouing; 'n Christelik-filosofiese waardering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(3):410-433, Sept.
- Van der Walt, B.J. 2010. *At home in God's world*. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.
- Van der Walt, B.J. 2011. Die Gereformeerde-Skolastieke visie op die verhouding tussen God en mens by F. Gomarus (1563–1641) en J. Arminius (1560–1609); 'n historiese-filosofiese ondersoek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(3):269-288, Sept.
- Van der Walt, B.J. 2012. Aristoteliëse-filosofiese invloed by die Sinode van Dordt (1618–1619). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(2):174-195, Junie.
- Van der Walt, B.J. 2013. Hoe om die geskiedenis van die filosofie weer te gee; 'n verkenning van wysgerige historiografiese probleme en metodes. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(1):1-15, Maart.

- Van der Walt, B.J. 2014(?) Die implikasies van 'n konsekwent probleem-historiese metode van wysgerige historiografie vir geslagtelike verskille en verhoudings. (Vir publikasie aanvaar deur *Koers*.)
- Van Veuren, P.J.J. 1970. Die gebruik van die mite in die kontemporêre filosofie. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO. (MA-verhandeling)
- Vander Stelt, J.C. 1978. *Philosophy and Scripture; a study in Old Princeton and Westminster theology*. Marlon, New Jersey: Mack Pub.
- Vander Stelt, J.C. 2013. Faith life and theology; re-orientation. (Unpublished manuscript for forthcoming book.)
- Venter, J.J. 1981. Geloofsgebonde denke by Anselmus. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif.)
- Venter, J.J. 2011. *Einstein: meetkunde en ervaring/geometry and experience*. Potchefstroom: Vraagteken/Question Mark.
- Venter, J.J. 2013. E-pos van 06/01/2013 in reaksie op 'n voorlopige manuskrip vir hierdie artikel.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1979. *D.H.Th. Vollenhoven: Ancient philosophical conceptions in problem-historical lay-out, 6th century B.C. to 6th century A.D.* (Ed. With an introduction by A. Tol.) Amsterdam: Filosofisch Instituut, Vrije Universiteit.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1982. *Vollenhoven's laatste werk, 1970–1975*. (Red. Bril, K.A.) Amsterdam: VU Boekhandel/Uitgeverij.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1992. *Vollenhoven als wijsgeer; inleiding en teksten*. (Reds. Tol, A & Bril, K.A.). Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2000. *Schematische Kaarten; filosofische concepties in probleemhistorische verband*. (Reds. Bril, K.A. & Boonstra, P.J.). Amsterdam: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005a. *The problem-historical method and the history of philosophy*. (Ed. Bril, K.A.) Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005b. *Isagôgè philosophiae; introduction to philosophy*. (Eds Kok, J.H. & Tol, A.). Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005c. *Wysgerig Woordenboek*. (Red. Bril, K.A.) Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2011. *Gastcolleges Wijsbegeerte; erfenis voor het heden*. (Reds: Bril, K.A. & Nijhoff, R.A.). Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2013a. In: *Wikipedia, the Free Encyclopedia* (originally written by J. Stellingwerff, translated and revised by A. Tol and submitted on 01/05/2013.)
- Vollenhoven, D.H.Th. 2013b. *Reformed epistemology; D.H.Th. Vollenhoven on "Logos and Ratio", their relation in the history of Western epistemology*. (Inaugural address as professor of philosophy at the Free University of Amsterdam on 26/10/1926). Edited, translated and with an introduction by Anthony Tol. To be published in Sioux Center, Iowa by Dordt College Press.
- Woldring, H. 2013. *Een handvol filosofen; geschiedenis van de filosofie beoefening aan de Vrije Universiteit van 1880 tot 2012*. Hilversum: Verloren.
- Wolters, A.M. 1970. *An essay on the idea of Problemggeschichte*. Amsterdam: Free University. (Unpublished masters thesis.)
- Wolters, A.M. 1979. On Vollenhoven's problem-historical method. In Kraay, J. & Tol, A. (eds). *Hearing and doing; philosophical essays dedicated to H.E van Runner*. Toronto: Wedge Pub. Foundation, pp. 231-262.
- Ziegenfuss, W. 1949 & 1950. *Philosophen-Lexikon; Handwörterbuch der Philosophie nach Personen*. (2 bande.) Berling: Walter de Gruyter.
- Zuidema, S.U. 1963. Vollenhoven en de reformatie der wijsbegeerte. *Philosophia Reformata*, 28:134-146.